

DIE EKONOMIESE IMPLIKASIES VAN DIE BELEID VAN

AFSONDERLIKE ONTWIKKELING

DR. S.J. TERREBLANCHE

1967

(Voordrag gelewer voor die A.S.B.-studente-
leierskursus, 22 Julie 1967, te Stellenbosch).

INLEIDING : PROBLEEMSTELLING

Dit word deur die regering in die vooruitsig gestel om hierdie land om te bou tot 'n multi-nasionale Suid-Afrika waarin daar afsonderlike vryhede vir die blankes aan die een kant en vir die verskillende Bantoevolke aan die ander kant sal bestaan. Dit word allerweë aanvaar dat hierdie doelwit net verwesenlik kan word as die Bantoetuislande 'n redelik gevorderde peil van ekonomiese lewensvatbaarheid kan bereik. Dit kan alleen bereik word indien daar grootskeepse nywerheidsontwikkeling in en om die Bantoetuislande tot stand gebring kan word. Volgens die verklaarde regeringsbeleid sal die grootste gedeelte van hierdie noodsaaklike nywerheidsontwikkeling - ten minste aanvanklik - in die sg. grensgebiede rondom die Bantoetuislande moet plaasvind. Die grootskeepse verskuiwing van nywerheidsontwikkeling vanaf die bestaande nywerheidsentra na die grensgebiede, maak dus 'n belangrike en ongetwyfeld noodsaaklike onderdeel uit van daardie ontwikkelingsprogram wat moet uitmond in 'n multi-nasionale Suid-Afrika.

Daar bestaan klaarblyklik voldoende rede om te aanvaar dat hierdie beleid nie meer bloot 'n partypolitieke program is nie, maar dat dit reeds sodanige algemene erkenning en aanvaarding in die verskillende lae van die volkslewe geniet, dat ons belangrike aspekte daarvan as 'n kulturele doelwit en as 'n kollektiewe ideaal van die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap kan beskou.

Terselfdertyd bestaan daar egter skerp teenkating teen die beleid en word dit aan heftige en felle kritiek onderwerp. Die teenstanders van die beleid beweer o.m. dat die beleid onekonomies is of dat dit ekonomies onuitvoerbaar is of dat dit in stryd met ekonomiese wetmatigheid is. Net so word die regering daarvan beskuldig dat hy die natuurlike werking van die Suid-Afrikaanse ekonomie verkrag en lamlê weens sy beheptheid met die neutrale ideologie.

Voordat ons 'n bepaling kan maak van die ekonomiese implikasies en moontlike regverdiging van die beleid van afsonderlike ontwikkeling en voordat ons die meriete van die „ekonomiese besware“ teen die beleid kan beoordeel, moet ons eers duidelikheid verkry oor die betekenis van woorde soos „ekonomie“, „ekonomies“ en „ekonomiese wetmatigheid“. In hierdie verband is dit boweal belangrik om te bepaal of dit wel sinvol is om van 'n ideologies-neutrale ekonomie te praat. Is dit moontlik om van ekonomiese argumente teen of ten gunste van 'n bepaalde saak te praat wat los staan van alle ideologiese oorwegings. Met ander woorde, is die ideologiese wêreld en die ekonomiese wêreld sodanig dat ons hulle volledig met waterdigte mure van mekaar kan skei? Indien nie, wanneer en in hoeverre moet ons 'n ideologiese indringing in die ekonomiese wêreld toelaat?

EKONOMIESE - KORREKTE OPTREDE

In die Ekonomie het ons te make met die wyse waarop 'n geordende gemeenskap die skaars middele (produksiefaktore) tot sy beskikking so oordeelkundig (spaarsaam) as moontlik probeer aanwend om daardie materiële goedere en verhoudings tot stand te bring wat tot 'n maksimale bevrediging in die individuele behoeftes (van die lede) en die kollektiewe behoeftes (van die gemeenskap as entiteit) sal lei.

Daar kan alleen van ekonomies-korrekte optrede sprake wees as aan die een kant die skaars middele op 'n oordeelkundige (spaarsame) wyse gebruik word om 'n gegewe rangorde van behoeftes teen die laagste "offer" (d.w.s. met die minste middele) te bevredig EN as aan die ander kant die beskikbare middele so gebruik word dat net die mees intense behoeftes van individue en die gemeenskap bevredig word en die minder intense behoeftes onbevredig gelaat word.

Hierdie twee kante van die saak moet nie met mekaar verwar word nie en moet ook nie as twee kante van dieselfde saak gesien word nie, maar as twee selfstandige voorwaardes waaraan daar gelyktydig voldoen moet word voordat daar van ekonomies-korrekte optrede sprake kan wees. Die eerste voorwaarde word op ons afgedwing deur die relatiewe skaarsheid van die produksiebronne tot ons beskikking en die tweede deur die veelheid van die behoeftes wat individue en die gemeenskap wens te bevredig.

Weens die skaarsheid van die produksiemiddele moet ekonomiese aktiwiteit so georganiseer word dat daar 'n oordeelkundige wyse met die beskikbare middel te werk gegaan sal word om 'n gegewe rangorde van behoeftes so goed as moontlik te bevredig. Indien die beskikbare bronne nie op 'n spaarsame wyse aangewend word nie, sal daar "ekonomiese vermorsing" plaasvind en sal die "prys" of "offer" - en wel in terme van gebruikte middele - waarteen die betrokke behoeftes bevredig word, onnodig groot wees.

Weens die veelheid van behoeftes is dit onmoontlik om aan alle behoeftes bevrediging te verskaf en daarom is dit noodsaaklik dat die ekonomiese aktiwiteite sodanig georganiseer word dat net die belangrikste behoeftes bevredig sal word en die minder belangrike behoeftes onbevredig sal bly. Indien 'n gegewe hoeveelheid middele so gebruik word dat behoeftes streng in die (ware) rangorde van belangrikheid bevredig word, dan sal die behoeftes wat onbevredig bly, kleiner wees as wanneer die middele so aangewend word dat dit nie die (ware) voorkeurskaal eerbiedig nie. Ons kan die behoeftes wat onbevredig gelaat word, ook as die "prys" of "offer" beskou, wat gemaak moet word ter wille van daardie behoeftes wat wel bevredig word. Dit is duidelik dat daar ook groot "ekonomiese vermorsing" sal plaasvind, indien produksiebronne gebruik word om minder intense of minder belangrike behoeftes te bevredig en meer intense of meer belangrike behoeftes as gevolg daarvan onbevredig gelaat moet word. In hierdie geval sal die "prys" of "offer" - in terme van onbevredigende behoeftes - wat gemaak moet word ter wille van daardie behoeftes wat wel bevredig word, ook onnodig groot wees.

Samevattend kan ons beweer dat daar net van ekonomies-korrekte optrede sprake kan wees as die geheel van ekonomiese aktiwiteite sodanig georganiseer is dat die skaars middele op 'n spaarsame (d.w.s. rasioneel-tegnies korrekte) wyse aangewend word om die behoeftes van individue en die gemeenskap streng in die (ware) rangorde van belangrikheid te bevredig. Slegs dan, en dan alleen, sal daar aan die individue en die gemeenskap soveel as moontlik gegee word van dit wat hulle die graagste wil hê en wel teen "pryse" of "offers" - in terme van gebruikte middele en onbevredigende behoeftes - wat (elk op sy beurt) so klein as moontlik sal wees. M.a.w. daar kan alleen van ekonomies-korrekte optrede sprake wees as - aan die een kant - ekonomiese wetmatigheid (rasionaliteite) eerbiedig word EN as - aan die ander kant - elke individue (of gemeenskap) van individue

en gemeenskap streng eerbiedig word.

Doelmatige organisasievorme

Na aanleiding van die omskrywing wat ons hierbo van ekonomies-korrekte optrede gegee het, kan ons nou die volgende twee vrae vra: Hoe moet ekonomiese aktiwiteit georganiseer word om te verseker dat ons die produksiemiddele op 'n oordeelkundige wyse sal aanwend om so die ekonomiese wetmatigheid te eerbiedig? En, hoe moet die voorkeurskaal (rangorde van doelstellings) opgestel word om te verseker dat dit die ware rangorde is? In hierdie twee vrae is die kern van alle ekonomiese probleme opgesluit.

Dit is natuurlik vanselfsprekend dat ons nooit die rangorde van doelstellings absoluut korrek kan opstel nie en ook nooit 'n absoluut (rasioneel-tegnies) korrekte aanwending van produksiemiddele kan bewerkstellig nie en daarom kan daar ook nooit van ekonomies-korrekte optrede in die absolute sin van die woord sprake wees nie. Daar moet natuurlik gestreef word om 'n voorkeurskaal te gebruik wat so korrek moontlik is en om produksiefaktore so spaarsaam as moontlik aan te wend. In hierdie strewe bedien die mens hom met 'n verskeidenheid van aangepaste organisasievorme of ekonomiese instellings. Van welke organisasievorme maak ons in 'n kapitalistiese land soos Suid-Afrika gebruik?

Die organisasievorme wat gebruik word om die rangorde van individuele behoeftes vas te stel en om die produksiefaktore doelmatig ter bevrediging daarvan aan te wend, verskil fundamenteel van die organisasievorme om die rangorde van kollektiewe behoeftes te bepaal en om vir 'n optimale bevrediging daarvan te sorg.

Om die rangorde van individuele behoeftes te bepaal, maak ons van die vry-markmeganisme gebruik. Volgens hierdie metode word aan elke verbruiker die geleentheid gebied om binne die perke van die wet, die bestaande orde en die openbare sedelikheid sy geld te spandeer soos hy verkies, en in ooreenstemming met die intensiteit van sy behoeftes soos hy dit self beoordeel. Die markmeganisme is 'n soort "ekonomiese stem-lokaal" waarin die individuele verbruikers die geleentheid het om hulle ekonomiese demokrasie tot uiting te bring deur sekere goedere te koop of nie te koop nie (d.w.s. deur vir sekere goedere "te stem" of "nie te stem

meeste individuele behoeftes op 'n bevredigende wyse na vore volgens hierdie metode. Aan die ander kant oefen onderlinge konkurrensie en die strewe na wins 'n bevredigende dissiplinêre invloed op die private entrepreneurs uit, om 'n redelike rasonale (of spaarsame) gebruik van produksiebronne te maak. M.a.w. die ekonomiese wetmatigheid word via die markmeganisme op 'n redelik bevredigende wyse afgedwing in die proses wat tot die bevrediging van die meeste individuele behoeftes lei.

Die openbare mening is klaarblyklik nie ten volle bewus van die dubbele tekortkoming wat aan die markmeganisme ten opsigte van die meeste kollektiewe behoeftes verbonde is nie, nl. die onbevredigende wyse waarop die intensiteit van die meeste kollektiewe behoeftes via die markmeganisme na vore gebring word en die onvermoë van die markmeganisme om - selfs al is die intensiteit van die kollektiewe behoeftes korrek gemeet of erken - 'n optimale aanwending van produktiewe kragte ter verwesenliking van die kollektiewe behoeftes te bewerkstellig. Kollektiewe behoeftes is die behoeftes van die gemeenskap as entiteit d.w.s. behoeftes wat mense gesamentlik ondervind en/of behoeftes wat nie bevredig kan word deur goedere een vir een oor 'n toonbank te verkoop nie, maar waar die goedere of dienste aan 'n groep of aan almal gesamentlik of gelyktydig verskaf moet word. Voorbeelde hiervan is die behoefte aan onderwys, openbare gesondheid, openbare veiligheid, openbare verkeersweë, water- en kragvoorsiening ens. Indien ons hierdie dinge aan die private inisiatief gaan oorlaat en verwag dat private ondernemers hierdie dienste spontaan via die vrye mark moet verskaf, sal hierdie kollektiewe behoeftes op 'n baie onbevredigende manier versorg word. Die rede hiervoor is dat die markmeganisme gebaseer is op die beginsel van individualisme en dus 'n inherente vooroordeel ten gunste van individuele en ten koste van kollektiewe behoeftes besit; die markmeganisme trek as't ware die individuele behoeftes vóór bo die kollektiewe behoeftes en trek so die gesamentlike rangorde van individuele en kollektiewe behoeftes skeef. Net so is dit gewoonlik ook nie vir private ondernemers winsgewend om in die kollektiewe behoeftes te voorsien nie omdat hulle nie 'n "prys" of 'n "volle prys" vir hulle prestasie kan bekom nie. Dit wil voorkom asof private entrepreneurs nie in staat is om as "spyseniers" vir die bevrediging van die meeste kollektiewe behoeftes op te tree nie.

Die proses waarin daar 'n besluit geneem word omtrent die gewig wat ons aan elk van die groot reeks kollektiewe behoeftes moet toeken en die mate waartoe sommige kollektiewe behoeftes voorkeur moet verkry bo sommige individuele behoeftes, is moeilik en gekompliseerd. Die rangorde wat in die praktyk van elke dag gebruik word, kom tot stand deur 'n ingewikkelde wederkerige beïnvloeding wat werk via die markmeganisme, die politieke en ander openbare instansies, kulturele liggame, die Kerke, die pers, gevestigde tradisie ens. Hierdie rangorde wat gebruik word, is meer of minder korrek afhangende van hoe doeltreffend die werklike begeertes en ideale van individue en die gemeenskap via die genoemde instellings teen mekaar afgeweeg en na vore gebring word. Hoe dit ookal sy, weerspieël hierdie rangorde die lewenswyse van die gemeenskap en gee uitdrukking aan die lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap en is daarom altyd ideologies gekleur. Die kern van vryheid is juis daarin geleë dat die individue van 'n volksgemeenskap, afsonderlik en gesamentlik, hulle wil, begeertes, ideale en doelstellings via die genoemde instellings na vore kan bring en kan eis dat produksiefaktore op 'n optimale wyse ingespan sal word ter verwesenliking van hul individuele en kollektiewe aspirasies.

Terwyl daar slegs van ekonomies-korrekte optrede sprake kan wees as doelstellings in rangorde van belangrikheid verwesenlik word en hierdie rangorde uitdrukking gee aan die ideologiese ingesteldheid van die gemeenskap, is dit duidelik dat ekonomies-korrekte optrede nie ideologies neutraal is nie, maar op 'n noodsaaklike wyse dienstig is en moet wees tot die ideologiese ingesteldheid van die gemeenskap. Ekonomie is en kan dus nie die koning wees nie, maar 'n gehoorsame dienskneg in die paleis van die ware koning, nl. die ideale van die volksgemeenskap.

Wanneer daar 'n besluit geneem moet word of 'n bepaalde doelwit "gekies" moet word al dan nie, en of dit in die rangorde ingesluit moet word, moet dit nie - en kan dit ook nie - teen ekonomiese wetmatigheid afgeweeg word nie. Die formele logika van ekonomiese wetmatigheid is 'n blote metode (wat ooreenstem met die wyse waarop 'n elektroniese rekenaar werk) en staan heeltemal neutraal teenoor die inhoudelike verdienste of waarheidsgehalte van 'n gegewe rangorde van behoeftes. Weens die beperking van die middele aan die een kant en weens die

bepanking van 'n rangorde van behoeftes aan die ander kant, lê ekonomiese wetmatigheid net die gedragsreëls neer waarop hierdie verhouding tussen middele en behoeftes geoptimaliseer kan word. Om te besluit of 'n bepaalde doelwit gekies moet word al dan nie, moet die verskillende doelstellings teenmekaar afgeweg word om te bepaal - gegewe die rasioneel-tegniese oorwegings - hoeveel en welke doelstellings opgeoffer sal moet word om 'n bepaalde een te verwesenlik. Wanneer die verwesenliking van 'n bepaalde doelwit sodanige groot offers vra dat dit die materiële voortbestaan van 'n bepaalde volk of kollektiwiteit in gevaar stel, moet dit natuurlik as ontoelaatbaar verwerp word - nie omdat dit in stryd met ekonomiese wetmatigheid is nie - maar omdat die voortbestaan van 'n bepaalde kollektiwiteit (as doelwit) rasioneel nie ondergeskik aan 'n ander doelwit gestel kan word nie.

Behalwe die organisasies wat nodig is om die rangorde van individuele en kollektiewe behoeftes te bepaal en teen mekaar af te weeg, moet daar ook metodes of organisasievorme bestaan wat die gewenste hoeveelheid produksiefaktore sal wegtrek vanuit die kanale wat lei tot die bevrediging van individuele behoeftes en wat hierdie faktore op so 'n rasioneel of optimaal moontlike wyse sal aanwend ter verwesenliking van die kollektiewe behoeftes. Om dit te bewerkstellig is organisasievorme soos die Staat en sy verskillende departemente en afdelings, nutsmaatskappye, munisipaliteite en ander openbare of semi-openbare instansies (wat mag strek van sportliggame tot liefdadigheidsorganisasies en verenigings ter beskerming van veldblomme) nodig. Die verskillende maniere waarop elk van hierdie organisasies of instellings organiseer moet word om onnodige vermorsing uit te skakel en 'n spaarsame aanwending van produktiewe kragte te bewerkstellig, kan ons nie nou bespreek nie.

TOEPASSING OP DIE SUID-AFRIKAANSE PROBLEEMKOMPLEKS

Vervolgens sal ek graag die volgende drie vrae probeer beantwoord:

1. Is die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika (wat afsonderlike vryhede aan blank en Bantoe wil bewerkstellig) in stryd met ekonomiese wetmatigheid en/of onekonomies al dan nie?
2. Is die metodes wat die owerheid reeds getref het en

te maak, van so 'n aard dat ons die regering met reg daarvan kan beskuldig dat hy besig is om die Suid-Afrikaanse ekonomie te verkrag ter wille van 'n ideologiese beheptheid.

3. Is dit moontlik om voldoende nywerheidsdesentralisasie na die gebiede in en om die tuislande te bewerkstellig - en wel teen 'n tempo wat as bevredigend gereken moet word uit die oogpunt van die uiteindelijke verwesenliking van die beleid van afsonderlike ontwikkeling - sonder om die groeikoers van die volksprodukt nadelig te beïnvloed.

Op al drie hierdie vrae wil ek graag met 'n besliste nee antwoord.

Ek wil die vrae in teenoorgestelde volgorde beantwoord:

1. Dit is uiters onrealisties om te dink dat ons die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika kan benader of kan verwesenlik sonder om ander doelstellings ter wille daarvan op te offer. Die verwesenliking van hierdie grootste doelwit sal natuurlik 'n "prys" en 'n baie hoë prys verg: onder meer in die vorm van 'n laer volksprodukt. Die owerheid het reeds by herhaling die versekering gegee dat nywerhede nie teen so 'n tempo gedesentraliseer sal word dat die "ekonomiese ontwrigting" sal bewerkstellig nie. Hiermee gaan ons graag akkoord. Maar nou is daar sommige wat hierdie versekering só intepreter dat die regering hom sou verbind het om geen maatreëls te tref wat maar in die minste sal lei tot 'n vermindering in die groei van die volksprodukt nie. Teen so 'n interpretasie moet ons beslis beswaar maak. Indien die desentralisasie van nywerhede teen die gewenste tempo daartoe sou aanleiding gee dat die volksprodukt teen sê 3% of 4% in reële terme per jaar groei in plaas van teen 5%, kan mens dit tog seer sekerlik nie as "ekonomiese ontwrigting" bestempel nie.

Op die oomblik beleef ons 'n inflasie juis omdat die volksprodukt in die afgelope paar jaar teen 'n te vinnige tempo gegroei het. Dit word nou geredelik algemeen erken dat ons die groeitempo van die volksprodukt doelbewus moet rem ter wille van groter monetêre stabiliteit. Dit blyk dus dat die doelwit van ekonomiese progressiwiteit en die doelwit van monetêre stabiliteit mekaar in die huidige omstandigheid tot 'n sekere hoogte uitsluit. Albei kan dus nie gelyktydig ten volle verwesenlik word nie en eg. moet in 'n mate opgeoffer word ter wille van laasgenoemde.

Net so is dit heel waarskynlik dat die doelwit van ekonomiese progressiwiteit en die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika mekaar tot 'n sekere hoogte uitsluit en dat eersgenoemde in 'n mate opgeoffer sal moet word ter wille van die verwesenliking van laasgenoemde.

Indien die maatreëls wat getref word om monetêre stabiliteit oor die korttermyn te bewerkstellig aanleiding gee tot 'n daling in die groeikoers van die volksproduk en dit nogtans as heeltemal geregverdig gereken word, dan kan daar tog seker in beginsel ook niks verkeerd wees met daardie maatreëls wat getref word om die langtermyn sosio-politieke situasie in Suid-Afrika te stabiliseer selfs al gee dit aanleiding tot 'n daling in die groeitempo van die volksproduk nie.

2. In die tweede vraag hierbo, wou ons weet of daar met reg beweer kan word dat die owerheid besig is om die ekonomie te verkrag of te verwring as gevolg van sy ideologiese beheptheid met die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Diegene wat so 'n stelling maak, gaan blykbaar uit van die veronderstelling dat ekonomiese aktiwiteite ideologies neutraal is. Maar soos ons hierbo aangetoon het, kan daar slegs van ekonomies-korrekte optrede sprake wees as (individuele en kollektiewe behoeftes) in rangorde van belangrikheid verwesenlik word. Sô 'n rangorde gee altoos uitdrukking aan die bepaalde lewens en wêreldbeskouings van die betrokke individue en gemeenskap en daarom is dit noodsaaklik dat ekonomiese aktiwiteite diensbaar moet wees tot die betrokke lewens- en wêreldbeskouing.

Om te beweer dat dit in die ekonomie net gaan om die verhoging van die volksproduk beteken eintlik dat die materiële-sintuiglike dinge verabsoluteer word ten koste van alle ander lewenswaardes. Diegene wat die groei van die volksproduk as die hoogste en enigste (ekonomiese) doelwit sien, maak hulle dus in 'n baie groter mate aan 'n eensydige ideologiese beheptheid skuldig as diegene wat hulle beywer vir 'n multi-nasionale Suid-Afrika en gewillig is om ter wille daarvan met 'n laer groeikoers van die volksproduk verlief te neem. Daar is 'n denkrigting wat baie sterk veld wen in Suid-Afrika en waarvolgens daar gereken word dat as ons maar net meer en meer kan produseer en die groeitempo van die volksproduk net hoër en hoër kan opdruk ons uiteindelik alle probleme

sal oplos. Hoe belangrik die groei van die volksprodukt ookal mag wees, moet ons terdeë beseef dat dit nie van oorheersende belang is of kan wees nie. Dit is nie waar dat al ons probleme en veral ons ordenings- en verhoudingsprobleme en die probleme in verband met die verdeling van die volksinkome sal verdwyn as ons maar net meer en meer in absolute terme kan produseer nie.

Daar is diesulkes wat vir hulleself die reg opeis om te vra of die "prys" wat ons uiteindelik sal moet betaal om die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika te verwesenlik, nie dalk te groot sal wees nie, of - anders geformuleer - of die doelwit nie te klein is nie. Dit is beslis 'n baie belangrike vraag hierdie en elkeen het die reg om hierdie vraag by herhaling te stel. Maar hoe groot en hoe belangrik die betrokke doelwit is, kan net die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap besluit en wanneer hierdie besluit geneem word, moet die alternatiewe oplossings vir ons rasseprobleem en die etiese oorwegings wat daarmee vervleg is, wel deeglik in ag geneem word. Soos ons ten aanvang gesê het, het ons goeie rede om te glo dat die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap reeds die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika as 'n regverdige oplossing van ons rasseprobleme gekies het en die verwesenliking daarvan begeer. Die behoefte na orde en stabiliteit is een van die mees fundamentele en basiese behoeftes van enige volk en daarom is dit elke volksgemeenskap se plig en verantwoordelikheid om - afhangende van omstandighede - 'n baie hoë prys te betaal vir daardie soort lewensordeing wat die betrokke volksgemeenskap - in ooreenstemming met sy vryheid en sy lewensbeskouings - gekies het en wens te verwesenlik.

Daar word ook beweer dat selfs al word daar toegegee dat ons hier met 'n doelwit te doen het waaraan die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap 'n baie hoë prioriteit verleen, die offers - in terme van individuele en kollektiewe doelstellings - so groot sal wees dat dit "onbetaalbaar" sal wees, (wat hierdie woord ookal mag beteken). Maar gesien al die rykdom en al die potensieë offers wat ek en u vir 'n korter of 'n langer tydperk kan maak, is hierdie doelwit nie so onbereikbaar soos wat sommige wil beweer nie. Dat die verwesenliking daarvan 'n groter inkorting van individualisme en die

bevrediging van individuele behoeftes gaan verges wat miskien as normaal in 'n Westerse land gereken word, is ongetwyfeld waar. Maar dit wil nog hoegenaamd nie sê dat ons hiermee oorgaan tot Sosialisme in die rangorde van doelstellings en/of metode van optrede nie. Dit moet tog seker ook as onvermydelik aanvaar word dat daar van tyd tot tyd 'n toestand mag ontwikkel (soos waarvan 'n oorlogstoestand 'n uiterste voorbeeld is) waarin 'n kollektiewe doelwit van so 'n oorheersende betekenis word dat individuele belange tydelik ter wille daarvan ingekort moet word. Die betrokke doelwit ter wille waarvan daar groot offers gevra word, is nie utopies of absurd nie en hoef ook nie ontwrigting te veroorsaak nie, want dit is juis daarop bereken om 'n vreedsame voortbestaan en stabiliteit van die Suid-Afrikaanse volke oor die langtermyn te waarborg en om konkrete gestalte aan ons Christelik-Westerse lewenswaardes te gee. Daar bestaan dus alle rede om te beweer dat ons hoë prioriteit verleen aan 'n saak wat 'n hoë prioriteit kan geniet.

3. Wat die eerste vraag betref, kan ek dus op hierdie stadium die kategoriese stelling maak dat in soverre die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap die doelwit van 'n multi-nasionale Suid-Afrika werklik begeer, in soverre kan die stelselmatige ombouing van Suid-Afrika om hierdie doelwit te verwesenlik in beginsel nie onekonomies of in stryd met ekonomiese wetmatigheid wees nie, alhoewel dit 'n prys en waarskynlik 'n baie groot prys gaan kos in terme van ander doelstellings wat ons sal moet versak ter wille van hierdie een.

Diegene wat beweer dat die ekonomiese wette omgebuig moet word om die verklaarde beleid te verwesenlik, maak hulle aan 'n foutiewe insig skuldig. Ekonomiese wette kan nie gebuig word nie. Wat ons wel kan en moet doen is om die ekonomiese instellings en gebruike om te buig en om te bou om te verseker dat ons die ekonomiese wette sal eerbiedig, nl. om die beskikbare produktiewe kragte op 'n optimale wyse te gebruik in die verwesenliking van daardie rangorde van doelstellings wat die Suid-Afrikaanse volksgemeenskap begeer. Dit beteken dat ons doelmatige organisasievorme sal moet vind om enersyds die ware rangorde van doelstellings na vore te bring en andersyds ekonomiese wetmatigheid sal afdwing in die proses wat tot die verwesenliking van die betrokke rangorde van behoeftes moet lei.

SLOTOPMERKINGS

Ten slotte net 'n paar opmerkings omtrent die praktiese deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Ons het hier met 'n orderingsprobleem te make. Binne die volgende kwarteeu moet die Suid-Afrikaanse lewenspatroon op 'n betreklik ingrypende wyse omgeorden word. Uit 'n ekonomiese oogpunt gesien, kom dit neer op die ontwikkeling van organisasievorme wat doelmatig sal wees om daardie materiële goedere en verhoudings tot stand te bring wat nodig is vir die verwesenliking van die genoemde kollektiewe doelwit. Aangesien ons 'n baie groot prys vir die omordening van die Suid-Afrikaanse lewenspatroon sal moet betaal, is dit gebiedend noodsaaklik om die prys so klein as moontlik te probeer hou deur so oordeelkundig, so planmatig en so rasioneel-tegnies as moontlik op te tree. Dit impliseer dat ons onvermoeid sal soek en sal eksperimenteer met nuwe organisasievorme om te verseker dat produksiefaktore telken so doelmatig moontlik in die gewenste rigting gekanaliseer sal word.

Aangesien ons hier met 'n kollektiewe doelwit te make het, spreek dit vanself dat ons nie kan verwag dat bv. nywerheidsdesentralisasie in die gewenste omvang spontaan via die werking van die markmeganisme na die grensgebiede sal vloei nie. Die institusionele aanpassings wat gemaak sal moet word, sal noodwendig daarop neerkom dat die Staat 'n groter organisatoriese rol sal moet speel, terwyl private inisiatief binne hierdie nuwe organisatoriese raamwerk in 'n groot, maar aangepaste, vorm gehandhaaf kan bly. Die nuwe wetgewing om sekere nywerhede na die grensgebiede "te dwing", is 'n stap in die regte rigting. Veel meer sal egter in hierdie verband gedoen moet word. Om te verseker dat die strukturele omvorming van die Suid-Afrika ordening teen die gewenste tempo sal plaasvind oor 'n tydperk van 20 tot 30 jaar en wel op 'n wyse wat sal verseker dat die totale prys oor die tydperk as geheel so klein as moontlik sal wees, behoort die hele proses breedvoerig beplan en geprogrameer te word. Ons is hier met 'n grootse ideaal besig wat die bewindhebbers voor 'n reuse uitdaging gestel het en daarom moet ons nie huiwer om groot te dink, groot te doen en selfs groot te eksperimenteer nie!

Wanneer die leiers van môre hulle vergewis omtrent die probleme waarmee hulle te kampe gaan hê in die praktiese deurvoering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, dan moet hulle vir geen oomblik in 'n illusie

onwilligheid om materiële offers te bring ter wille van die gewenste lewensordening nie. Dit sal beslis ironies wees as dit op die ou end blyk dat dit juis ons rykdom en ons ontembare drang na groter rykdom is wat ons weerhou van die verwesenliking van die gewenste lewensordening. Die leiers van môre moet ook in geen illusie verkeer omtrent die geweldige mag en invloed van gevestigde belange nie en van die meedoënlose weerstand waa mee sommige mense en instellings hulle gevestigde belange gaan verdedig teen die strukturele omvorming van die Suid-Afrikaanse lewenspatroon. Net so moet die leiers van môre ook in geen illusie verkeer omtrent die probleme wat ondervind gaan word om die nodige institusionele en organisatoriese aanpassings te weeg te bring nie. Juis op hierdie gebied moet ons 'n gedugte propaganda oorlog verwag waardeur elke organisatoriese aanpassing as iets revolusionêrs en verdag en as uit die borse voorgestel gaan word.

Ek het êrens gelees dat iemand beweer het dat geen Amerikaanse President sy dienstermyn onder moeiliker omstandighede begin het nie as Franklin D. Roosevelt toe hy, in die diepte van die Groot Depressie van 1929 - 33 President geword het. Maar - het die skrywer vervolg - terwyl sy taak oorweldigend was, was die geleentheid vir sterk leierskap ewe groot. Ek glo nie die leiers van môre en oormôre bevind hulle in enige ander Westerse land voor 'n moeiliker taak en 'n groter uitdaging as juis in Suid-Afrika nie. Maar terwyl die taak oorweldigend groot is, is die geleentheid vir sterk en verbeeldingryke leierskap ewe groot. Laat ons nougeset en beslis wees omtrent die lewenswaardes wat ons wil bestendig, maar laat ons vindingryk en verlig wees ten opsigte van die metodes, instellings en organisasies waarmee ons ons gaan bedien in die strewe om ons nasionaal-kulturele aspirasies te verwesenlik.